



AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL  
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL



# Stroom-op

1STE TERMYN 1980

## OSBRAAI 1980

Jy kan bly soos jy is vir die res van jou lewe, of jy kan wegbreek . . . Weggebreek het ons! Ons het weggebreek van die idee dat die verhouding tussen Afrikaans en Engels nog beskou word as die van Boer en Brit soos in 1902.

Dit is nou 1980 — Vir Affies onder andere die jaar waarin ons weer wil kontak maak met ons buurskole, in besonder Boys' en

Girls' High. Vir die eerste keer in die geskiedenis is daar so 'n groot-skaalse skakeling gewees tussen Boys' High, Girls High, Meisies-

hoër en Seunshoër. Daar is geen rede waarom ons mekaar nog as "vyande" behoort te beskou nie. Dit is bewys deur die goeie gees waarin die osbraai van 1 Maart gehou is.

Om 17h00 op 1 Maart 1980 is daar afgeskop met 'n sokkerwedstryd tussen spanne van die vier

skole — ook met 'n poging tot verbeterde verhoudings tussen dié vier skole. Die daaropvolgende 50 minute was chaos. Meisieshoër en Boys' High het geseëvier — sokker baie beslis nie!

In opgewekte luim is na die kostafels beweeg. Die heerlike vleis, slaai, pap en sous het heerlik ge-

Dear Bernard

On behalf of all the matrics who attended the oxbraai on Saturday, I wish to thank you most sincerely for everything you, your head master and your matrics did to make the function such a success. The girls really enjoyed the



## STROOM-OP REDAKSIE UITSTAPPIE

'n Buitengewone kursus die eerste in die geskiedenis van die Afrikaanse joernalistiek — is die eerste naweek van die termyn in Johannesburg deur die Junior Rapportryerbeweging, die Departement Kommunikasie aan die Randse Afrikaanse Universiteit en Beeld aangebied.

Vyftig leerlinge van agt hoërskole aan die Witwatersrand en uit Pretoria, waarvan twintig omtrent Affies was, het aan 'n seminarie en 'n werkwinkel deelgeneem.

Prof. Tom de Koning, hoogleraar in die Kommunikasieleer aan die Randse Afrikaanse Universiteit, het die verwelkoming gedoen en toe is daar met verskeie lesings begin. Mnr. Tom Vosloo, redakteur van Beeld, het die werk van die joernalis geskets, terwyl mnr. Hennie van Deventer, 'n assistent-redakteur van Beeld, praktiese wenke gegee het aangaande die hantering van skoolkoerante. Mnr. Jack Vi-

vierts het nuusverslaggewing gehanteer en mnr. Arrie Joubert, doyen van sportskrywers, het oor sportverslaggewing gepraat.

Interessante besoeke is afgelê by die nuusateljees van SATV en die Afrikaanse Radiodiens, waar die werking van die elektroniese kommunikasie media aan die leerlinge verduidelik is en waarin Philip Daniels baie prominent was.

Hierna is 'n toer by Beeld begin met 'n skyfievertoning oor die volle verloop van 'n nuusberig, van 'n notaboekie af tot op die voorblad van 'n koerant. Elke stadium van die ingewikkelde proses is in volle

besonderhede aan die leerlinge gewys.

Saterdagoggend se werksaamhede het begin met 'n uiteensetting deur mnr. Arrie de Beer, senior lektor in joernalistiek aan die RAU, oor die praktyk van skooljoernalistiek. Die leerlinge het hierna onderhoude gevoer met verskillende dosente en ander universiteitspersoneel op die kampus. Daar is gesels en geskryf oor alles — van die kafeteria tot die nuwe rektor se kantoor. Hierdie onderhoude is deur die leerlinge self in berigte verwerk en by Beeld het die Jr. BRAUNUS, die lewenslig aanskou.

'n Woordvoerder van die leerlinge het gesê dat die beste deel van die naweek was om self joernalis te speel en om die vuurwarm koerantjie vars van die rolpers, saam huis toe te neem.

smaak en almal het op die A-rugbyveld onder spreiligte uitgespan. Vir die oningeligte sou dit soos 'n skoonheidskompetisie of modeparade gelyk het, want die room van Pretoria se meisies is op een plek gekonsentreer gewees. Die seuns het natuurlik die prentjie vervolmaak!

Die aand is afgesluit met 'n veldfiek, wat na aanleiding van die komberse, kussings en praatjies Maandag, deur sekere persone terdeë geniet is. Die film was ook baie goed. Die algemene gevoel is dat daar gerus meer sulke interveldfieke gehou kan word.

In 'n onderhoud is die hoofmeisie van Meisieshoër gevra wat haar siening van die Osbraai was en of dit in sy doel, nl. om verhoudings tussen die vier skole te verbeter, geslaag het. "Die osbraai was 'n reuse sukses," het sy gesê, "en ek was baie bly om te hoor ons buurskole is genooi want ek voel dat ons baie swak kontak met hulle het." 'n Werklike verhouding ontbreek" Sy het verder gesê dat mense altyd verwag dat daar wrywing tussen die seun- en meisieskool moet wees en dat ons met die osbraai die teendeel bewys het.

Ten slotte het Petré gesê: "Ek wil my dank aan die seuns betuig vir hul harde werk en die sukses van die aand".

Daar is ook briewe ontvang van die hoofseun van Boys High en hoofmeisie van Girls' High.

soccer and although we had few "stiffies" at school on Monday, they enjoyed every minute of it.

I am sure the braai has brought about a friendlier and even better relationship between the four schools and let's try to keep it that way.

Kindest regards  
Janece Hope

On behalf of the matrics at Pretoria Boys' High, I would like to thank you and all the staff concerned for the effort you put into the braai on 1 March. I am sure, with regard to our Matrics, it was a successful evening.

Keep in touch, and one of these days we'll be off to the school farm.

Regards  
Tristan te Groen

Almal het ook hulle hoop uitgespreek dat die funksie 'n jaarlikse instelling vir die matrieks mag word.

Namens die seunskool, ons dank aan almal wat betrokke was by die reëlings vir die geleentheid veral aan Petré, Janéce en Tristan, die hoofde van al vier skole asook die matrieks van die betrokke skole — Mag ons voortbou hierop in die jare wat voorlê en nooit vergeet dat dit ons plig is om bande tussen Engels en Afrikaans stewig te hou, maar op die sportveld "vriendskaplike vyande" te bly nie.



# KATINKA HEYNS — OUD-AFFIE

Willem sit met 'n selfvoldane glimlag agteroor na nog 'n afgehandelde speursaak, "Meneer" hoor hy skielik 'n fyn, aarselende stemmetjie "Meneer, sal Meneer my dalk nou kan betaal?"

Voor hom staan 'n meisietjie met onskuldige blou oë en blonde krulle

"Maar vroumens, moet jy altyd op sulke ongeleë tye oor so 'n ding praat?"

"O, jammer, meneer. Ek het maar net gedag . . ."

"Jy moenie dag nie, Pennie, jy moet dink!"

Ons almal het vir Katinka Heyns baie goed leer ken as die sekretaresse 'Pennie' in die gewilde TV-program "Willem". Wie sou egter kon dink dat sy 'n oud-Affie is? Wel, eintlik is dit logies — ons Affies kom gewoonlik ver in die lewe!

In elk geval, Katinka Heyns is 'n oud-Affie — nogal 'n oud-koshuis-brak daarby! Toe sy hier op skool was, was juf. Holtzhausen reeds hoof. Mej. Heyns het tydens haar skoolloopbaan reeds aan toneel-spel deelgeneem, veral aan monoloë. Die rol wat sy die meeste geniet het, is dié van Abdoltjie, 'n karaktertjie wat deur Alba Bouwer geskep is.

In 1964 het mej. Heyns gematrikuleer met Afrikaans, Engels, Duits, Huisvlyt, Aardrykskunde, Biologie en Geskiedenis as vakke. Kyk net die lys leervakke!

Omtrent drie jaar voor mej. Heyns, het nog 'n bekende aktrise aan A.H.M. skoolgegaan. Sandra Prinsloo, wat ons al in "Die seepsteenbataljon" gesien toneel-spel het, was 'n paar standers voor mej. Heyns. Oorkant die straat het Karel Trichardt skoolgegaan. Mej. Heyns het hom egter nie toe al geken nie (dié segregasie, julle weet . . .).

## Die graf

Ek kan jou hoor  
Want jy praat met my  
Ek kyk vir jou deur marmar  
Ek kyk vir jou duifgrys oë

Die tyd het jou beroof  
Van jou jonkheid  
En jou gekraakte gesig  
Speel nie meer saam  
Met jou pruimtabak  
Mond nie.

Ek kyk vir jou lippe  
Raai wat jy wil sê  
En ek hoor weer jou woord  
Maal deur my kop  
Totsiens  
Want jou stem het stil geword  
Jou duifgrys oë geslote  
En langs jou het  
jou pruimtabak geval  
Toe was jy weg  
soos nou  
Want dis net my gedagtes  
Want die marmar van jou graf  
Hou jou vir my op 'n afstand

Tessa Snyman

As ek so kyk na al die sterre wat uit Affies voortgekome het, wonder ek of daar nie iets in Pretoria se water is nie . . .

## HEIL DIE AFFIES

Die Stroom-op redaksie wil graag die volgende stelling maak. Die woorde wat in die Affie-nasie se "tweede-Volkslied" voorkom, d.w.s. :Affies, Affies dra die blou", is heeltemal teenstrydig met wat werklik gebeur:

"Moenie terugkom volgende jaar,  
Want jul is mos kant en klaar"

Wie kan ooit kant en klaar met Affies wees? Om bg. bewering te staaf, wil ons graag die volgende voorbeelde uit ons eie personeel neem:

Een van ons bekendste persoonlikhede, mev. Ethelwyn de Vos matrikuleer (as prefek) aan A.H.M.P. en sluit later weer by ons aan as Skei-natonderwyseres. Maar die "Affie-siekte" steek aan en 'n paar jaar later matrikuleer haar suster, mev. van den Hoven om ook kort voor lank terug te keer om st. 6'e groot te maak.

Juffrou Hönck het ook aan A.H.M.P. gematrikuleer en getrou aan die Affie-tradisie, bekleed sy die pos van bekwaame departements-hoof en "matriek-liefeling". Maar hoe dan anders? Juffrou Hönck was twee jaar lank 'n prefek, het boonop op die prefekteraad gedien, was sekretaresse van die Engelse Debatskomitee, op die bestuur van die Klassieke Klub en het LATYN geneem.

Juffrou Hirschorn en mev. Gärtner skryf saam matriek en net na hulle, mev. Burger. Mev. Gärtner was 'n prefek, en nou gee sy Duits.

Juffrou Pellisier keer ook terug Affies toe om die Aardrykskunde leerlinge se harte te kom verbly.

En die jongste toevoeging tot hierdie interresante lys? Baie welkom terug aan mej. Marinda Kruger, vroeër Koshuis-hoofprefek en deesdae die mooi "tikjuffrou".

Hoe interessant en amusant sal dit nie wees om oor twintig jaar weer 'n opname te maak van Affies wat die dringende roepstem getrou nagevolg het nie?

## ENGLISH TV-EVENING

An the evening of the seventh of March 1980, the Afrikaanse Hoër Seunskool presented a TV-evening. This occasion was, in contrast with the usual, boring debates, most interesting and pached with unexpected and significant performances.

The whole evening was based on a TV-programme such as a live show on television with even a news review by Philip van der Merwe which was very original, and occasional advertisements performed by the standard eights. Three speakers, Wickus de Kock, Ivan Schoombie and Bernard le Roux brilliantly gave an introduction concerning the origin of television and its today's influence on our lives.

The rest of the evening's programme included the following events. Pop Shop by the standard sixes, a quiz by the standard sevens, Willem Prinsloo's Peach Brandy by the standard nines, and a comedy, titled the Tragedy of the Merchant called Dennis, by the standard tens. Although every event was well planned and performed, the highlight of the evening surely was the standard ten's event. Even a battle of Three ships and an unidentified clock element appeared on the scene to the delight of the audience. The singing of "Briek in the wall" only contributed to the success of the evening.

This evening surely was a great success and we hope such an occasion will soon again take place. Our thanks to Mr. Geldenhuys, Philip Daniels the chairman, and his debating society.

Christo Delpoort

## SUNFLOWER

You're one vast regret  
Of sun days soaked by rain  
On thunderclouds and shining moons

You're one vast regret  
Of everything that could be  
But never was and never will be

You're one vast regret  
But still you look for gold  
Maybe you're an universal mystery

H. Gagiano

## Oupa

Ek speel met jou skaak  
Ek speel met jou dambord  
Ek vul met jou 'n blokkiesraaisel in  
Ek soek 'n opening

Om jou karakter heen te skuif  
Kyk vir u pit om oor  
Jou foute heen te spring  
Soek na 'n vier letter woord

Om jou persoonlikheid  
Te beskryf  
Ek vind nie

Want die swart marmarblad  
Bedeek die opening  
Dus wen ek jou  
Want jy's ook bedek

Deur jou blokkiesraaisel graf

Tessa Snyman

## Aandag alle Affies

Luister a.u.b. aandagtig na die vlg. feite:

1. Die matriek Latynklas van 1980 beskik oor die meeste gees.
2. 6/8 van hierdie klas bekleed die mees gesogte leiersposisies in die skool.
3. Die hele klas het al bydraes tot die Stroom-op gelewer.
4. Die hele klas bestaan uit doodgewone Affies.
5. Deur Latyn te neem, het hierdie klas die grootste bydrae denkbaar tot die algemene beskawingspeil gelewer.
6. Die hele klas is dus fyn opgevoed.
7. Die hele klas is nie briljant nie, maar ons almal probeer ons bes.
8. Ons het almal saam 'n suksesvolle toneelstuk opgevoer. Gevolgtrekking: Neem Latyn!

Neem Latyn en jou naam en artikel verskyn in die Stroom-op, jy word 'n leier, jou standaard van opvoeding word met  $\pm 75\%$  verhoog, jy kan selfs 'n beroemde aktrise word! Daar kan geen perke aan die hoogtes wat jy kan bereik gestel word nie. Dink net daaraan: jy kan selfs in 'n matriek-Latynklas beland! Quid quaeris amplius? Non accipimus brevem vitam, sed facimus! Breek weg van die gewoontes van die kulturele barbare!

Valete puellae et magistraci

## Geagte Affies-dirigente

Baie geluk met jul sangprestasie. Ons voel dat jul eintlik moes gewen het. Dit was 'n baie mooi gebaar van julle om vir ons elkeen 'n angelier met 'n naametiket te gee. Dit word waardeer.

Julle het pragtig gelyk en jul sang was puik. Dit was regtig 'n fees om vir julle skool te dirigeer.

Groete

C.R. Swart-dirigente

## Liewe Dirigente

Na afloop van die Interhoërbyeenkoms kan ons net baie dankie sê. Dankie vir julle mooi gees, julle entoesiasme; dankie dat julle so pragtig gelyk het!

Baie dankie. Julle was (soos "Mcgoudi" sê) "BESTE".

Baie liefde

Die Matrieks

## SKEMER

As die helderg lig grys word — en almal familie opsoek Gespanne probeer ontspan op Doktersvoorskrif — dan kruip alleenheid Versweldigend oor die verlange na niks



## AFRIKAANSE DEBAT

Is Afrikanernasionalisme belangrik vir die voortbestaan van Suid-Afrika?

Bogenoemde was die onderwerp van die eerste Afrikaanse debat van 1980. Die debat was uitsonderlik geslaagd en alles het vlot verloop.

Aan ses sprekers is die bg. moeilike, vraag gestel. Drie sprekers, Leon Raath, Roelf du Plessis en Gerrie Nel het hierdie stelling verdedig, terwyl Johan Gey van Pittius Cecil Hemingway en Anton Cloete die vermeldde stelling geopponeer het. Die sprekers het hulle goed van hulle taak gekwyd, veral Cecil Hemingway, wat d.m.v. 'n Adamantaanmolekul sy stelling verduidelik het. Hy het (nie dat almal verstaan het nie) geïllustreer hoe Afrikanernasionalisme drie belangrike bande van ons geordende gemeenskap breek, nl:

(a) Band van kerklike eenheid  
(b) Band van die oordrag van kennis

(c) Kulturele eenheid  
'n Lewendige bespreking het gevolg wat aan die lewendigste ritueel herinner het. Mense is opgeswee en die uitslag was onverwags, omdat stemmers "geïndoktrineer" is (Soos gewoonlik het die koshuis lank voor die tyd besluit vir wie daar gestem moet word). Selfs "Coke" was te koop om 'n tweede stem moontlik te maak!

Die debat was uiters geslaagd, alhoewel sekere persone nie met die uitslag tevrede was nie. Graag wil ons net baie dankie sê aan Gerduan de Munnik en Max Robertse wat gesorg het vir twee baie goeie inleidende items, asook aan almal wat gehelp organiseer het.



**tilpat**  
waterkloofrif  
winkelsontrum 451751

**Vir Materiale  
en Kramery**

T een billike pryse  
I n u eie gebied  
L oopafstand  
P arkering volop  
A lle soorte materiale  
T ot u diens

**VIR  
AL  
U  
DRUKWERK  
KONTAK**

**WENTZEL COETZER**

DRUKKERS (EDMS.) BPK.  
PRINTERS (PTY.) LTD.

BROWNSTRAAT 40  
TEL: 48-5997/8



# Stroom-op

## REDAKSIONEEL

1980 gaan voorwaar 'n jaar wees om te onthou! Dit is nie net die begin van 'n nuwe dekadie nie; dit is ook nie net maar 'n skrikkeljaar nie; Affies word ook nie net maar 60 jaar oud nie, maar dis hoog tyd dat ons weer bewys dat ons groot dinge in Affieland kan doen.

Die eerste termyn was reeds 'n goeie aanduiding van wat ons kan verwag vir die res van die jaar. Dit was die stilte voor die storm! Te oordeel aan die "stilte" wat geheers het tydens die eerste termyn wil ek asseblief op 'n redelike afstand wees as die storm begin losbars, of sal dit beter wees om in die storm te wees? Vir 'n buite-stander sal ek beslis aanraai om weg te bly voor die aanstormende storm, maar wat elke Affie betref — jy kan nie jou kop in die sand begrawe nie, jy is van die storm! Ongelukkig sal sommiges wat te naby kom die gevolge moet dra.

Uit my baie ervarings van kompasarse waar ek nog altyd sukses gehad het kan ek sonder om te skroom sê dat ons kompasrigting hierdie jaar baie reguit op sukses afstuur. Hiervan is die drasties-verbeterde verhoudinge met ons susterskool 'n goeie getuigenis. Ek het selfs al twee keer 'n skouerruiker die jaar gekry, van egte blomme . . . sonder kakiebos!

Dit wil my voorkom of ons die jaar soos 'n geoliede baaisikkel gaan loop. Die holruggerde storie bly egter steeds waar: Net so uit soos wat dit is om 'n "Jasper op Hoërskool" op Clifton se strand te lees, net so uit is 'n Affie wat nie tred hou met die werklikheid nie!

# AFFIES: 1920-1980

Affies is 'n groot skool met 'n trotse tradisie en 'n ryk verlede. Affies is iets wat aan jou bly vaskleef tot jou dood. Daardie Affie-gees is in elkeen wat aan hierdie skool verbonde was. Affies is vanjaar 60 jaar ouer maar ver van aftree af.

1980 is die jaar wat Affies weer eens gaan feesvier. 'n Kermis is beplan vir einde Mei en 'n rugbydag ter viering van die 60ste verjaardag. 'n Osbraai is gehou en talle ander geleenthede is en word hierdie jaar gehou te herdenking van die 60ste verjaardag van die skool.

1980 is die jaar waarvan ons die leuse gemaak het — dink positief, glo in jouself, staan saam. 'n Skool het nog nooit meer as een Administrateursbeker gewen in een jaar nie. Daar is drie — ons soek hulle hier by Affies!

Affies is, was en sal altyd 'n groot skool wees. 'n Skool waarop elke Affie trots behoort te wees. Die duidelikste weerspieëling hiervan kom uit die jaarblad van 1970.

In 'n boodskap aan Affies sê mnr. J.A. Fourie, voormalige hoof van die skool:

"Ek sal nie ligtelik daardie eerste dag vergeet toe ek deur die gange van die skoolgebou gestap het en so 'n snaakse gevoel gekry het nie. 'n Gevoel asof ek byna op heilige grond loop."

"Sekere dinge by Affies word gedoen en ander gelaat volgens 'n vaste patroon. Dit het ek vertolk as tradisie in die ware sin van die woord. Hierdie tradisie wêk 'n besondere trots in jou op, 'n trots op jou eie!"

Maak van 1980 nog 'n Affie-jaar. Oorrompel alles in sig. Hou Affies se naam hoog.

LAAT DAAR LIG WEES.

## SO LYK ONS

Dit is maklik om groot foute self reg te maak of om self veranderings in jou eie huis aan te bring. Dit is net nie altyd so maklik om die ruimte vir verbetering self raak te sien nie. As jy lank in 'n huis woon sal jy nie die die skewe portret of dié bars in 'n muur so maklik opmerk as iemand wat van buite af staan en kyk nie. Stroom-Op het met 'n paar buitelanders gesels om hulle menings in te win — dis reguit en beslis 'n kykie werd!

Onderwysers van Menlopark: "Affies is die skool met die meeste potensiaal, maar dit word nie benut nie. As ek hulle atlete kan afrig, sal ek enige span in die land wen."

Onderwyser van Boys' High: "Affies is a hell of a school. Just don't sit on your talents."

Matriek van Overkruin: "Daar is iets spesieels omtrent Affies. Die naam word altyd met respek genoem."

Oud-leerling van 1973: "Dit maak nie saak wat Affies dié jaar gaan doen nie — solank julle net die Administrateursbeker in rugby wen sal dit vanself spreek dat julle tops is."

Oud-leerling van 1978: "Julle het 'n puik benadering hierdie jaar. Hou dit so en moenie begin inisiatief verloor nie."

Ek dink hierdie paar menings is baie raak en verteenwoordigend van die algemene publiek se gevoel jeens ons. Miskien moet ons met groot erns kyk na veral die menings van die onderwysers van Menlopark en Boys' High. Dalk doen dit nie kwaad as ons koppe bymekaar sit en 'n stewige hand in eie boesem steek nie!

## NUWE AFFIE-ONDERWYSERESSE:

### Mev. Grimbeek:

Mev. Grimbeek wat in Vereeniging gebore is en aan Tukkies studeer het, meen Affies is 'n fantastiese skool.

### Mev. Gildenhuis:

Mev. Gildenhuis 'n Kapenaar, het aan die Hoërskool Jan van Riebeeck, gematrikuleer en is 'n oud-Matie. As antwoord op die vraag: "Hoe vergelyk 'n meisieskool (bv. Affies) met ander skole, het sy geantwoord dat albei tipes skole hul voordele sowel as nadele het. Volgens haar is Affies 'n goeie skool, met goeie dissipline. Sy hou ook van die netjiese uniforms."

### Mev. Lucas

Mev. Lucas het na 'n sorgvrye hoërskoolloopbaan, by Helpies in 1959 gematrikuleer. Sy neem aan atletiek en korfbal deel en dien twee jaar lank op die leerlingraad. Sy behaal in 1962 haar Bsc-graad aan die Universiteit van Potchefstroom waar sy ook as damestudent van die jaar aangewys word.

Haar eerste indruk van Affies was: "Wat 'n pragtige skaar van dogters!" Mev. Lucas, ons hoop u sal nog lank in ons midde wees!



## TEENAGERS

There is no topic more fascinating to teenagers than themselves and the following is an assessment of that time of life which comes to all of us between the ages of twelve and twenty, made by a teacher who has spent many absorbing hours (and nearly as many frustrating ones!) in their company.

Perhaps the most endearing quality of this particular age group is its endless diversity: it has its sporting enthusiasts, its academics and bookworms, its lazy we'll-hand-it-in-tomorrow types, its leaders, its introverts and extroverts. And year after year they come, expecting with a child-like faith in your grown-up wisdom, that you will accept them as they are and at the same time needing to show them how to improve.

They make you indiscribably angry, they amuse you, they frequently surprise you and sometimes they even love you!

A teenager needs understanding and affection as much as a puppy does and your reward is the rows of smiling faces as you walk into the classroom or even the occasional

intelligent question when you suspect that they haven't even been listening attentively!

Their interests are spread liberally over a wide spectrum ranging from listening to totally incomprehensible music for hours on end, to sitting up all night finishing some task which should have been completed days ago.

They talk about boys, girls, clothes, their teachers, films their friends and schoolwork (in more or less that order!) and their favourite classroom activity is tricking the teacher (usually by means of some sweetly innocent request for information), into a discussion which has nothing to do with the work in hand.

But anyone who has taken the trouble to scrape of the surface veneer, will have found that even teenagers are individuals, unique units of humanity seeking, exploring, inquiring, striving and stumbling sometimes along the uneven upward road which is life.

They all need help, and this is what gives a divine purpose to the profession of teaching.

B. Hönck



## AFFIES 1920-1980

Op Maandag 28 Januarie 1980 is daar op groot skaal feesgevier by Affies! Dit was, onnodig om te sê, die skool se 60e verjaardag. Minder geskiedkundig is die feit dat die Seunskool en die Meisieskool ook toe reeds vyftig jaar afsonderlik voortbestaan.

Anders as in die verlede het die Seunskool die meisies uitgenooi om die blye dag by ons te kom vier. Almal het die pawiljoen bepak in hulle grys en 'blou' massas. Ds. Henno Cronjé het vir ons die skriflesing en gebed waargeneem.

Die gasspreker vir die dag was Prof. le Roux wat 'n seun is van die eerste hoof van die Afrikaanse Hoërskool, die geëerde mnr. F.J. le Roux of Pa le Roux soos hy onthou sal word. Hy het ons 'n bietjie meer vertel oor dinge wat gebeur het in die kinderjare van Affies wat die besondere skool dadelik onderskei het as een wat 'n unieke manier het om dinge te doen. Dinge wat vandag moeilik is om te glo en prestasies wat soos 'n paal bo water staan, het Affies destyds al afgesonder as 'n grote onder die grotes.

Mnr. Roesch en Juf. Holtzhausen het ons bietjie vertel van insidente wat na 1930 in die twee skole gebeur het. Ons het onder andere verneem dat die Meisieskool vroeër 'n donkiestal was en die Seunskool 'n perdestal wat die Kakies gebruik het. Minister Hendrik Schoeman se manewales in die Latynklas wat gesorg het dat hy

kon tuinmaak tydens Latynperiodes, was ook nog 'n verhaaltjie uit die ryk geskiedenisboek van Affies wat altyd onthou sal word.

Petré Buys en Bernard le Roux het die akademiese deel van die verrigtinge gedoen deur hoogtepunte uit die geskiedenis van ons twee skole op te haal. Ek wil my verstout om te sê dat 'n mens amper soos Moses jou skoen wou uittrek om die gevoel van heiligheid waardig te wees. Bernard het daarop gewys dat ons ook besig is om geskiedenis te maak vir hulle wat die 120 ste verjaardag gaan vier. Ons moet altyd onthou dat ons nie kan bly terugkyk nie, maar dat ons vorentoe moet kyk.

Nadat die meisies hulle skoolied gesing het en die seuns hulle s'n, het elkeen 'n oliebol en 'n koeldrank gratis ontvang en lekker uitgespan om die verjaardag ordentlik te vier. 'n Mens voel half lus dat die skool elke dag moet verjaar!

Voordat ons egter al aan die volgende verjaardag kan dink, moet ons eers ons dank betuig aan almal wat meegehelp het om die 28ste Januarie 1980 iets spesieels vir elkeen te maak.









*Velly Plitty!*



*Tot hier toe en nie verder nie!*



*'n Bietjie hard né!*




*Nou maar goed dan!*



*Jy wou mos!*



*Kom Loekie, la vir omie!*




*Paal-spring*



*Kyk net sulke . . . arms!*



*Love at first bite!*



C . . . . . A . . . . . T . . . . .





## ONDERWYSERESSE SE GELIEFKOOSSE TV- PROGRAMME

Juf. Holtzhausen: She (who must be obeyed)  
Mev. Boardman: Midweek  
Mev. de Wet: Die pikkies  
Juf. Hirschorn: The World at War  
Mev. Bolt: Woman today  
Juf. Bothma: Man from Atlantis  
Juf. Jubber: Pop Shop  
Mev. Uys: Married (the first year)  
Mev. Coetzee (koshuushoof): Eight is enough  
Mev. Lucas: All in the family  
Mev. Maritz: Carol Burnett  
Mev. Langley: Kindereiland  
Mev. de Vos: Die brandkluis  
Mev. de Villiers: Musiek en liriek  
Mev. Ernst: Spectrum  
Juf. Basson: Moses  
Juf. du Plooy: The money game  
Mev. Scholtz: Groot stede van die wêreld  
Juf. Kruger: Spotlight on ...  
Mev. Senekal: Historiese dagboek  
Mev. Beernaart: Tema met variasies  
Pellissier: Die wêreld van Jopie Adam  
Juf. Meyer: Heidi

Affies se onnies kan vreeslik baie praat,  
En uitdrukkings kan hulle nie sommer agterlaat  
Vir elke ding het hulle iets te sê, totdat dit 'n mens mal kan hê. Met hierdie nederige lysie wil ons net wys, hoe maak die onnies ons kinders grys!

Juffrou Bothma: "OK parras, spring in die dam!"

Mev. Preller: "Die st. 7's het in "black holes" verdwyn"

Mev. Bierman: "Heavens, Ladies, come along, come along"  
Mev. Bauer: "Julle is vet en lui dogters ... en waar kom die palmboomstyl nou weer vandaan?"

Mev. Burger: "Reg, ouens, pak 'n bietjie daai kassies reg."  
Juffrou Hirschorn: "Nou mense, laat ons sien ...!"

Mev. Senekal: "My kind, verstaan ons mekaar nou goed?"

Juffrou Pellissier: "Jy is 'n kind des doods ..."

Mev. Gartner: "Ach, Mädchen"  
Mev. Gildenhuys: "Ek sal julle in die toets benadeel. 'n Mens leer om 'n "klas" te ken!"

Mev. Lucas: "Julle kan maar afstap meisies!"

Mev. Bolt: "Haai meisies ...!"  
Mev. de Villiers: "Ek hou nie daarvan om te preek nie, maar ..."

Mev. v.d. Heever: "Sit julle miskien op julle oge?"

## Ms Debate (Tertia)



## SKERTS BLERTS

### Betekenisvolle aanhalings uit "Die Son Struikel":

As die onderwyser opstandig raak: "Wag eers! Ek is nog nie klaar gebore nie!" Tiaan Bezuidenhout: "Hulle het my uit die skool gejaag. Ouboet, ek het geweier om hulle taal ..."

Koshuismaaltyd: "Aartappel en braairib, Ouboet ..."

Minder wakker na 'n harde naweek: "Iemand het my lyf buite laat lê ..."

In die nabyheid van skoonheid: "My oë weier om toe te gaan."

Blou Maandag: "Die son struikel — kyk en stryk aan ..."

Verkleineerde persoon: "Ek voel soos die aarde."

Lojale skolier na 'n pakslae: "Dankie vir die pyn ..."

### Hoekie vir Eensames:

Aangesien daar soveel aansoeke is, sal ons dit oorweeg om 'n "Boekie vir Eensames" in te ruim.

#### 1) Mugoudy:

Ek is 'n aantreklike, frisegeboude seun wat reeds aan die regte kant van twintig is. Ek is baie slim en ry graag in my groen 850 Limousine. Ontferm julle tog oor my en begin skryf vanaf 31 Julie wanneer ek op parool vrygelaat word. Foto's vergesel van briewe kry voorkeur.

#### 2) Wilde Vicky:

Ek is 'n loslopende jong man met baie bates wat in my guns tel. My belangstellings is veral Boekhou en troeteldiere. Ek is ook die trotse eienaar van 'n opregte tefie. Haar naam is Charlie. Alle belangstellendes kan gerus skryf op regte skryfpapier met prentjies van blommetjies op ... seblief!

#### Het u geweet?

('n Rubriek vir nuusgerige boekwurms).

1) Hardus Aucamp sit saans in die bad en speel met sy houteendjie. Haar naam is Gina en sy kwaak.

2) Willem Jooste gebruik baie van sy vryetyd om in die gimnasium te oefen. Hy ontwikkel dan ook 'n redelike breë bors.

3) Die plaaslike byekorft het 'n nuwe koningin gekies. Haar woning is egter die berge, by Peter (Wie't gesê dis Heidi?)

4) Big T-burgers\* word nou ook in Affies vervaardig. Die voedsame basis is natuurlik "baby fat". (\*T. Bezuidenhout Edms. Bpk.)

5) Affies het 'n paar nomiasies gekry vir gesogte trofee:

a) Wynvat van die termyn — Johann Malan, Chris Labuschagne

b) Diepste van die termyn — Willie Reynecke, Gawie Nel.

c) Donkerste van die termyn — (Nie so skaam nie, Stefan)

d) Kromste van die termyn — Ch ... Ber ... Asteri ... ??? (O, die drukkersduiwel)

e) Casanova van die termyn — Charl Boone, Pieter Brune.

f) Vlakste van die termyn — (Oop vir kompetisie)

## Ms Hungry (Elmarie)



## EK WIL VIR JOU DIG:

Ek weet nie hoekom nie, Maar ek wil vir jou 'n gedig skryf Miskien omdat jy mooi is En wanneer jy lag, Die kuiltjie in jou ken vir my Dan so mooi is!

Of wanneer jy eensaam is En jou lang, growwe vingers Baaspeel met die snare En iewers in jou agterkop Jou eie tred optower ... Of wanneer jy ... Net jy is!

### Wie kan die onderstaande woorde voltooi?

Tek r

Ko f ek ne

Sk t l oe wa er

S ns m reel

Ko ui st el

K as e

## STROOM-OP

Vandag is ek stroom-op. Ek gaan teen die stroom praat en ek gaan sê: Affies, waar kom die naam "Affies" vandaan? Het julle al ooit daaraan gedink wat dit beteken om 'n Afrikaner te wees? Daar was wel 'n tyd toe dit 'n eer was om 'n Afrikaner genoem te word. Komaan, ruk juisself los uit die gees van die tye waarin ons lewe en wees 'n Afrikaner!

Riana Jacobsz 10D

## Shakespeare aanhalings:

Stefan de Beer: *Mislike me not for my complexion*

Mnr J. van Rensburg: *Marry, God forbid I the boy was the very staff of my age, my very prop.*

Pieter Brune: *Where is my lady?*

Phillips Daniels: *Goodly Lord, What a witsnakker are you.*

Gert du Plessis: *With that appetite that he sits down.*

## AAN 'N KOSHUISMAAT:

Jou teenwoordigheid tuimel nog oor die bed  
Die dag toe jy groet  
Het 'n deel van jou gebly,  
Want jou naam is nog  
Langs Johan s'n  
Waar jy dit vir 'n leeftyd nagelaat het.  
En jou "Black-Maraia's" hang  
Nog steeds langs die vensterbank  
En ek hoor jou stem  
Want dit ritsel deur die  
Bossie droë angeliere,  
Klingel in jou armbande  
Tot by jou mond  
Waar die woord vorm:  
"Totsiens"

### Hoekie vir Eensames:

Piet van Sossovlei:

Almal ken my as 'n goedgeaarde outjie. Deesdae word ek egter bietjie groot vir my skoene. Ek is 'n geheelonthou en het 'n besondere affiniteit vir blitsvinnige meisies. Sal sy asseblief gou-gou vir my skryf?


### Centurion x 10:

'n Kort, bloedjong seuntjie wat eintlik langer moes gewees het. Eintlik onderskat almal my ware lengte as gevolg van my misleidende beenstruktuur. Ek is die rugbyheld van Affies wat maklik weer-skante van 'n skrum kan verby-sluip. Eendag gaan ek nog 'n wild-bewaarder word wat bokke kan vang.

### Sol, the blue-eyed boy:

Ek is 'n aantreklike ou bul wat lus is vir 'n jong blaartjie. Enige bekoorlike koraaltjie wat dink sy sal my kan vermaak is baie welkom om 'n persoonlike onderhoud te reël. My sterk punt is byvoorbeeld nie briewe lees nie. Kom nou meisies, moenie skaam wees nie. (Ns. Ek is baie sterk gebou en het nie kierieknies nie!)

### Ms Same & Ms Likewise (Alta & Ronel)



## MATRIEK- TREFFERSPARADE

Petré: Head Games  
Lidia: Chinese Junkman from Hong Kong  
Susan: Smoke on the water  
Camel: Caravan Song  
Elmarie: Die padda wou gaan opsit ...

Michele: I'm a problem Child  
Sandra: Sleepy Shores  
Anca: I'm in love with my car

### Ms Hair (Maxi)



## ONDERWYSERESSE SE TOP 20

Juf. Holtzhausen: Don't bring me down

Juf. Hönck: Yesterday (1970)

Mev. Langley: Theme from Pink Panther

Mev. Bossert: Money, Money, Money

Juf. Basson: By die opsiters

Mev. de Vos: Eight days a week

Juf. Bothma: Yellow Submarine

Juf. du Plooy: Run like the wind

Juf. Swart: Lady in Black

Mev. van den Heever: Daa(R)'s 'n t(R)ein

Juf. Jubber: Hi Cassanova

Mev. Senekal: Back in the U.S.S.R.

Mev. Bauer: Daar's 'n man op die grens

Mev. de Villiers: Hondjies is hondjies

Mev. Maritz: Breakfast in America

Mev. van Schalkwyk: Darling

Mev. Ernst: The Painter

Mev. Nel: English Country Garden

Mev. Gärnter: Totsiens, Auf Wiedersehen

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March

Juf. Pellissier: Radetsky March



# ORIËNTERINGSWEEK

Daar is afgekondig dat al die standard sesse elke dag van die eerste week in die saal sal byme-kaarkom. Ons het elke periode 'n onderwyser gehad wat met ons oor 'n sekere klub, of sport kom praat het. Ons het geleer om soos die res van die skool hande te klap. In die begin het ons handklap power geklink en dan het die prefekte vir ons gelag en uitgeskel.

Toe ons daar in die begin van die jaar (die eerste keer) in die saal byme-kaar gekom het, was ek, en ek dink seker almal, bang en skrikkerig vir al die groot prefekte en matrieks, want almal was onbekend. Hulle het gelyk soos honger wolwe wat jou wil aanval as jy 'n sekere beweging maak. Hulle het al die prefekte van 1980 aan ons voorgestel en ons moes hulle toe ken. Die hoofseun, mnr. Benard le Roux, het in die begin gesê as daar 'n spreker kom om met ons te praat en ons staan nie op nie, sal ons geborsel word. Om deur prefekte geborsel te word is nie 'n baie lekker ding nie, nog minder 'n "tekkiepartie". Hulle sal jou ook nie verniet borsel nie, want mens kry mos so paar dwars standerd sesse wat gewoonlik 'n gewoonte daarvan maak om vir hul ouers en mnr. Roesch te gaan sê dat hulle geslaan is.

Ons het so twee dae voor die einde van die week 'n toets geskryf oor alles wat by die skool aangaan en oor die reëls van die skool. Ons moes ook al die prefekte ken en ek het net een van die 25 prefekte nie geken nie.

Ons het toe later begin voorberei vir die groentjekonsert wat die Donderdag en Vrydag sou plaasvind. Ons het Donderdag vir die matrieks en Vrydag vir die hele skool konsert gehou.

Dit was 'n lekker oriëntering-sweek, maar dit was jammer vir 'n paar standerd sesse wat al die ander standerd sesse se naam sleg gemaak en deur die modder gesleep het.



## UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELINGE

My eerste dag in Affies:

"Totsiens Pa!" skree ek agterna, maar hy ry haastig weg.

O gonna, nou vind ek my vreemd en alleen.

Ek stap deur Huis Frank le Roux se voorportaal met my tasse; hulle voel so lig, seker omdat ek so senuweeagtig is.

"Wat is jou naam?" wil 'n grote-rige seun in 'n groen baadjie doodluiters hoor.

"A . . . a . . . nton", sê ek.

"Standerd ses?"

"Ja", sê ek bietjie meer versekerd.

"Kom saam", beveel hy my en ek volg hom eerbiedig.

Ek het genoeg waarskuwings gehad van my broers en ouers om lig te loop vir matrieks. Later vind ek toe uit dat die groot seun meneer Johann Malan was, die koshuishoofseun!

Die volgende môre na oggendete het almal in die reën skool toe gehardloop, terwyl ek op my tyd gestap het, totdat die klok skielik lui.

Op die aantreeblad aangekom, sien ek toe dat al die Affies in ne-

tjiese rye staan, behalwe die standerd sesse wat maal en karring.

Gou-gou gaan val ek by hulle in om ook uitgeskel te word deur die prefekte, onder andere my senior, mnr. Wickus de Kock en ook mnr. Johann Malan.

In die saal word daar toe eindelijk afgekondig dat alle standerd sesse daar moet agterbly. Nadat al die ander seuns, behalwe die prefekte, uit die saal was, het een wat langs mnr. Johann Malan gesit het, opgestaan en oor die mikrofoon vir ons (wat toe baie geraas het) gevra: "Weet julle wat julle is?" Dadelik het daar doodse stilte gekom. Toe ek die woord "Pluss" hoor, het ek dadelik die oggend vroeër onthou toe ek die "waarheid" meegedeel was. Ek verkeer onder die skuilnaam "Anton Cilliers; ek het 'n bynaam "Boontjie" en 'n doopnaam "Pluss".

Ja, die oriëntering was vir my nou 'n werklikheid! Ek het begin hoendervleis kry.

My broers het my daardie aand baie dinge geleer wat my dalk uit die moeilikheids ou kon help, maar ek was so moeg dat ek gou weg was in drome . . . oor Affies!

## STANDERD SES IN DIE KOSHUIS

Die lewe in die koshuis is vir elke ou maar 'n harde storie. Ek praat oor die algemeen van al die leerlinge in die koshuis maar in besonder van die st. 6-leerlinge in die koshuis. As 'n mens van laerskool na hoërskool oorgaan, dan kan jy maar sê jy betree 'n nuwe fase. Waar jy in die laerskool en spesifiek in standerd 5 'n groot meneer was en nou in die hoërskool niks is nie, is maar 'n harde storie om te sluk. Waar jy boonop nog in die koshuis 'n matriek se bed moet opmaak, koffie gaan haal en nog kaste moet regpak, ja-nee, soos ek sê, dit verg baie, maar ek dink vir my is dit baie lekker. Want as jy tog die dag in matriek is kan jy en jou vriende mos weer saam lag of selfs weer boos wees oor iets in jou st. 6-jaar. Maar net soos op ander

terreine is daar ook swakkes en so het Affies se koshuis ook sy swakkes gehad. Ek dink bv. aan al die klagtes wat die hoof en koshuispersoneel moes aanhoor van seuntjies se ouers. Dan vertel die seuntjies nog boonop vir hul ouers hoe word hul gemartel. Wat van hulle geword het? Nou ja, die antwoord spreek vanself, hulle het hulle goed gevat en geloop. Die rede hiervoor: hulle kon dit nie verwerk dat hulle eers groot menere was en nou niks is nie. Ek kan maar net sê, in die koshuis moet daar manne wees en ek sluit af met die woorde van Affies se hoofseun in die begin van die jaar. Sy woorde was: "In Affies is daar manne, nie babas nie, en hier gaan ons te werk soos manne, en ons tree op soos manne!"



## MY EERSTE SKOOLDAG

Dis Dinsdagoggend. 8 Januarie 1980 – die eerste skooldag van my hoërskoollewe. Met gemengde gevoelens het ek uit die kooi gespring: nuuskierig, bang, opgewonde . . . eintlik met enige soort gevoel waaraan mens kan dink. Die natgereënde tuin en vaalgrys wolke het my moed nog verder in my skoene laat sak.

Saam-saam het ek en Annari die skoolterrein betree. Voor ons het die

groot avontuur van "Affie-wees" uitgestrek. Met harte wat in ons kele klop, het ons, ons tasse neergesit toe 'n kwaai matriek ons beveel om op "wurmaandag" te staan. Ons moes haar groet met 'n: "More Juffrou" (Verbeel jou!) Tot ons verligting het die skoolklok gelui, maar toe kom 'n groter ontugtering! Om ons het 'n "koningsblou-see" in beweging gekom. Na 'n gesoekery soos in 'n doolhof, het ons in die saal te lande gekom. Dit was nie sommer 'n gewone saal nie, maar, 'n kolossale plek, met 'n mat, 'n orrel en al! Amper te bang om te roer of asem te haal, het ek, soos dit 'n standerd sessie betaam, dwarsdeur die byeenkoms so stil soos 'n muis gesit. Na afloop van die saal is ons in klasse ingedeel. Ek beland by 'n baie gawe juffrou en dit troos my onstuimige gemoed bietjie.

"Salig! Pouse!" het ek gedink toe die klok eindelijk lui. Ek het my kos soos 'n honger leeu verslind. Gou het ek egter my fout besef – ek het skoon vergeet om in kamer 64 te wees. Op pad gly ek en siedaar die eerste nerfaknie van 1980. Buite kamer 64 kry 'n matriek my beet en ag, o aarde daar moet ek weer op wurmaandag staan, teen die muur vassuig, my lag uittrek en wie weet wat alles doen.

Kwart voor twee storm, – eksuus – stap ons beskaafd by die klas uit. My arme ma se ore het seker getuit toe ek die kombuis binnestrompel en die dag se ervarings uitbasuin. Vieruur sit ek weer op my geliefkoosde plek – hoog tussen die takke van die ou Jakarandaboom met 'n stuk warm beskuit in my hand. Vir die eerste keer dié dag kom ek regtig tot verhaal. Met die skurwe boombas teen my rug flits die dag se gebeure deur my kop – wat 'n "Affie-avontuur"!

Mej. L.G. Meyer



ONDERWYSERES VIR KIND  
(Met apologie aan Antjie Krog)

Jy sit voor my in die klas – die enkeling op jou bank, met jou moedertaal by jou boeke, jou keppie en jou tas.

Jy staan voor my – Benjamin en al het jy draadjies vir jou skewe tande is jy nog mooi in jou rokkie soos die hemel van ons land.

Jy bly voor my – 'n vreemdeling – al lag jy bly – of groet van ver – die drome in jou oë vreemd vol pyn die woorde uit jou mond nie altyd jy in jou skamel treë lê die wankel om jou 'n muur vir die skyn.

Enkel, klein en vreemd is jy met wagtters op jou torings – Maar ek weet – dat jou wêreld soms verkrummel dat jy 'n aarde op jou klein skouers dra – En ek wil 'n skans om jou bou wat jou klein swerfsiek vreemde siel sal omvou teen die seerkry agter jou muur.

I.v.S.

## Wat ek as nuwe onderwyseres van hierdie skool dink?

Ek onthou daardie Maandagoggend. Die dag was Januarie – wit en warm. Tussen die baie groen en blomkolle het die gebou gewag. En toe ek opklim met die trappies en die ingangsportaal opeens koel om my lê, het 'n vreemde gevoel in my kom nesmaak, 'n skielike besef dit aan my kom vasknoop. Ek het net geweet dat ek in die midde van iets baie anders was, iets so kosbaar dat selfs die woordelose mure dit kan oordra.




En nou: nou het julle met jul blink oë en haarlinte reeds deel geword van my elke dag. Nou ken ek julle uitbundige vreugde by 'n sportbyeen-

koms, jul stuwende entoesiasme toe ons besluit het om ons skool self skoon te maak. Maar ek weet ook van julle stil word, die erns waarmee 'n dank – of pryslied by 'n saalopening uit jul harte kom en saam met die orrelklanke opstyg . . .

Dan vra julle my nog die vraag. Is daar 'n ander antwoord as die een wat seker uit elke woord straal? Dit is 'n heerlike voorreg om ook 'n druppeltjie in die groot Affie-emmer te kan word!



# FOTO'S VAN DIE TERMYN



WENNER

## Betrokkenheid?

Dogter van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, is jy betrokke? Seun van die Afrikaanse Hoër Seunskool, is jy betrokke?

Jy sal my, die skryfster, afvra hoekom nou juis betrokke? Wel, na aanleiding van 'n besoek aan die Serebraal Gestremde Skool en 'n besoek van weeshuiskindertjies, het ek gewonder wie van ons werklik betrokke is? Wat doen ons om hierdie mense te help? Sover ek weet, bitter min. Ons dink net aan onself en nie aan daardie arme mense wat gestrem is of selfs aan hulle wat ouerloos is nie. Waaraan dink ons dan? Ja, net aan onself en wil amper alles vir eie gewin doen.

Dink ons ooit aan daardie arme kinders, wat in weeshuise woon, wat 'n sukkel bestaan voer, omdat hul ouers hul nie meer wil hê nie, of nooit eens wou gehad het nie? Ek betwyfel dié feit. Kan ons hulle nie help nie? Net 'n klein ietsie gee. Wat van jou "ou" paar skoene (eintlik splinternuut, maar dis nie meer hoogmode nie) wat in elk geval een of ander tyd aan die bediende sou gegee of verkoop word?

'n Fonds is in Suid-Afrika gestig om aan die mense in Kambodja geld te

stuur vir kos en klere. Hoekom is daardie fondse nie vir ons mense self aangewend nie? Hulle het dit miskien nodig, maar sal dit ons enigsins help? Ek twyfel! As ons daardie duisende rande vir ons Welsynorganisasies gegee het: hoeveel hulpbehoewendes kon hulle nie dalk uit die afgrond uit gehelp het nie?

Affie-seun en -dogter dink ASSEMBLIEF hieroor na en dink twee keer voordat jy weer voor jou kas gaan staan en sê: "Wat sal ek vandag aantrek?" Dink dan aan daardie arme seun of dogter wat net so oud soos jy is wat voor sy/haar kas staan en sê: "As ek tog maar net nog één rok gehad het om daarheen aan te trek?"

Kom ons doen iets om hulle te help, uit die penarie waarin hulle verkeer. Onthou, hulle is gedeeltelik van die staat afhanklik vir alles wat hulle het en graag wil hê — ons nie.

Betrokke, bekommerde Standerd 10-Affie

(Hoor-hoor! — Red.)





# SPORT

## INTERHUIS



Op 26 Januarie is die jaarlikse interhuis-atletiekbyeenkoms op die sportvelde van Affies gehou. Volgens tradisie was die Seunskool weer die gashere vir ons susterskool wat ons met hulle teenwoordigheid vereer het.

Reeds met die eerste knal van die afsitterspistool vroeg in die oggend, was dit duidelik dat die prestasies wat gelewer sou word, vorige jare se prestasies sou ewenaar en selfs oortref. Die talle rekords wat gedurende die loop van die dag verbeter is, getuig van die feit dat atletiek van 'n hoë gehalte gelewer is. Wat egter opvallend was, is die wyse waarop elke deelnemer tot die laaste geveg het om sy posisie te verbeter. Daar was nooit sprake van tou opgooi voordat die wenpaal nie bereik is nie.

Terwyl die atlete mekaar op die baan opgekeil het, het dit nie aan gesdrif by die toeskouers op die pawiljoene ontbreek nie. Onder

die inspirerende leiding en aanmoediging van gevatte dirigente is daar lustig gesing en geskerks tot die laaste item. Ons wil graag die Hartebeeste gelukwens met die verowering van die geesbeker wat hulle op waardige wyse verdien het. Ook kan ons hier die Koshuis gelukwens met hulle welverdiende oorwinning op die groottootaal. Hulle entoesiame het só aansteeklik gewerk dat vanjaar se byeenkoms geesdrif en talent gekweek het vir die res van die jaar se aktiwiteite. Mag alles wat ons vanjaar aanpak met dieselfde gesindheid benader word.

'n Woord van hartlike dank aan die meisies wat middagete aan al die lede van die prefekteraad gedurende pouse verskaf het. Dit was voorwaar puik en word opreg waardeur. Die leerlinge van beide skole wil ook graag hulle dank betuig aan personeel, ouers en ander vriende van ons skool wat hierdie genotvolle dag vir ons moontlik gemaak het.



## 'N TROFEE VIND SY WARE TUISTE



Affies se senior krieket het in die afgelope termyn baie verbeter. Die belangstelling was so goed dat daar 'n oorfloed van goeie spelers was. Ongelukkig was ons vir net een liga ingeskryf en dus het sommige goeie spelers nie die geleentheid gekry om wedstryde te speel nie. Vir hulle sal daar volgende seisoen genoeg kans wees om te wys wat in hulle steek.

Krieket is in hierdie termyn deur meneer Van Huysteen georganiseer. 'n Oefengroep is saamgestel wat gereelde netoefeninge bygewoon het. Die eerste span het al die wedstryde in hul area sonder veel teenstand gewen. Langenhoven is met 60 lopies, Verwoerdburg met 9 paaltjies, F.H. Odendaal met 8 paaltjies en Gerrit Maritz met 120 lopies verpletter.

foute nie en Christo Delpont het van die begin af verwoestend geboul. Hy het 5 paaltjies vir net 15 lopies laat kantel. Net voor ons die Parkies se laaste paaltjie kon inoos, is die spel gestaak weens swak lig. Die wedstryd is toe op 'n basis van lopies per boulbeurt beslis. (4½ teen 3) Sodoende het Affies die eerste termynliga gewen.

'n Vasberade span het Menlo-park op hulle tuisveld aangedruf. Affies het eerste gekolf en dit het aanvanklik goed gegaan voordat ons aanvangskolwers, Jossie Strydom en Marius le Roux, albei been voor paaltjie uitgegee is. Die hoop om te wen het verswak omdat die openingspaar 'n steunpilaar in die span is. Die nommer drie en vier kolwers, Jan Morgan en Tiaan Spoelstra, het verantwoordelik gekolf en 'n vennootskap van 50 lopies daargestel. Daarna is drasties vinniger gekolf en 'n totaal van 145 lopies is bereik na die beperkte 32 boulbeurte.


Iets wat geweldig bygedra het tot die oorwinning was die toejuiging van die kant van die veld. Sonder hierdie toeskouers sou ons nie so baie kon vermag het nie. Baie dankie vir julle ondersteuning. Hartlike dank aan meneer Van Huysteen wat ons eerste span deurgaans bygestaan het en baie van sy tyd vir ons opgeoffer het.

Hoewel krieket op Affies met rasse skrede vooruitgaan, sou ons sekerlik nog beter kan vaar as die afrigtingtalente wat in die skool beskikbaar is, meer effektief gebruik sou word. Daar is beslis genoeg entoesiasme en talent om onself deeglik te laat geld in die Administrateursbekercompetisie later vanjaar.

Dirigente

Met die boulwerk was daar nie

Rooi is bloedrooi  
Rooi is mooi  
Rooi veroorsaak pyn  
Rooi is Huis Steyn  
Rooi is 'n Hartebees  
Rooi is vir GEES



Stoffel demonstreer die regter haakhou





## SPORTMAN VAN DIE TERMYN:

## MARIUS LE ROUX

Marius le Roux is eenparig aangewys as die Sportman van die Termyn.

Hierdie keuse is gebaseer op verskeie puik prestasies op die krieketveld. In 1979 val die voorreg hom te beurt om gekies te word vir die Noord-Transvaalse Nuffield Krieketspan as openingskolwer en bybreek bouler. Op die Nuffield-week behaal hy 'n beste telling van 32 en weens 'n puik kolgemiddelde word hierdie kranige sportman in die SA Junior Skoelspan ingesluit. Ook hier behaal hy as openingskolwer 'n puik 60.

Marius het egter lankal sy krieket kinderskoene weggegooi en hy was in 1979 die openingskolwer van Harlekyne se eerste span. Ook hier het hy sy stem dikgemaak met 'n hoogste telling van 90.


Marius, wat ook kaptein is van Affies se eerste span, skryf die

sukses van die eerste termyn en die vernietiging van Menlopark op die krieketveld toe aan die puik gees en gemotiveerdheid van al die krieketspelers. Hy sê ook dat as dit so voortgaan, daar min dinge is wat Affies gaan weghou van die Administrateursbeker af.

Marius hoop om volgende jaar medies te studeer aan die Universiteit van Pretoria, maar hy gaan beslis nie sy krieket agterweë laat nie, intendeel hy beoog om weer die Noord-Transvaal Nuffieldspan en die Suid-Afrikaanse Nuffieldspan te haal.

Marius le Roux, Stroom-op wens jou en jou mede-krieketspelers 'n uiters suksesvolle en voorspoedige 1980 toe.

Baie geluk!



## SWEM 1980

### 'n Fees in die Feesjaar

Dit is reeds ou nuus dat ons weer 'n Noord-Transvaal swemster, Marieke Fourie met N.-Tvl. senior en junior kleure, in ons span gehad het, dat Huis Verster met gemak met die louere wegstap het op die huisgala en dat ons die wonderlike tweede plek op die Interhoërswemgala ingeneem het. Maar sonder 'n verskeidenheid faktore sou ons nie die prestasies kon bereik nie.

In die eerste plek was daar seker

nie in die geskiedenis van Affies nog 'n span wat met soveel entoesiasme en doelgerigtheid geoefen het dat dit later gevoel het of die alge by ons ore gaan uitgroeï en tot ons dag in en dag uit 'n chloor was voor ons oë gesien het.

Alhoewel daar baie planne was om Mark Harris se spoed op wetenskaplike en kunsmatige wyse te oortref, het daar niks van gekom nie. Ons wou, bv. onsigbare padda-voete en webbe tussen ons vingers

gehad het, ook dalk 'n skroef op die maag wat uitskiet en jou aandryf sodra jy die water raak.

Dit is tog jammer dat die gewone Affie-volk nie waardering het vir die swemmers se harde werk nie — so wil dit voorkom. Kom Affies, daag volgende jaar voltallig by die gala op.

Na afloop van 'n baie suksesvolle swemseisoen — baie dankie vir almal, veral aan juffrou Botha — kapteine (Meintjie Barnard)

## DIE AFFIEMASJIE

### BEGIN ROL

Affies het op 15 Maart aan 'n rugbydag te Florida deelgeneem en het ver- spot maklik die span van Florida met 16-6 die loef afgesteek.

Die kritici van die 79-seisoen se monde was deeglik gesnoer. Al die harde werk, hartseer en spanbou blyk vanjaar vrugte af te werp. Met hierdie oorwinning is die atlet-voete van 'n skool, genaamd Menlopark, deeglik gewaarsku. (Nie dat dit hulle veel sal help nie). Om Affies se wraaklust te illustreer word die AFFIE-Floridawedstryd soos volg beskryf:

Die Affies het met 'n gedetermineerdheid op die veld gedraf wat vir geen span enigsins iets goeds voorspel het nie. Florida het met geesdrif afgeskop, maar is vinnig gedemp nadat menige Floridaheld soos rubberbolletjies van ene reus Klopper afgespat het. Ons opponente het rooi trui aangehad maar dit het oënskynlik die manne in wit geïrriteer. 'n Rukkie daarna het Affies dan ook die eerste spyker in

Florida se doodskis geslaan toe Luis in die linkerkantste hoek oorgedruk het. 'n Verdere drie deur Charl Boone met 'n strafskop en vervyfskop het die rustydteeling op 13-3 te staan gebring. Die tweede helfte was kenmerkend aan 'n tydelike insinking in hul spel, maar moet liefies as verveeldheid aan die kant van die Affies beskou word. Wie kan nou 'n kampioenspan kwalik neem as hy belangstelling verloor in wat niks meer as 'n oefening beskou kan word nie?

Gawie het egter met nog 'n strafdoel geslaag om ons puntetotaal op 16 te staan te bring.

Affies het dus sy eerste wedstryd van die seisoen gewen en aan mnr. Van Rensburg en sy "wit jerseys" alle sukses. Onthou, Affies steun en vertrou op julle!

## ATLETIEK IN AFFIELAND

En so kom Atletiek 1980 uitasem en hygend by die wenpaal aan om eers volgende jaar weer, met stywe litte en lam spiere, moesaam en sukkelsukkel aan die beweging te kom . . . Of so dink die meeste van ons mos?

En juis dit is wat fout was met Atletiek '80

Die dae van Januarie tot Maart-atletiek is vir goed verby. Vandag kan 'n mens nie meer met vertrou teen ander skole meeding, tensy jy

reg deur die jaar 'n intensiewe oefenprogram gevolg het nie.

'n Atleet met hope talent maar min oefening, kán nie meer vandag in die mededingende wêreld van Amateur Atletiek, sy of haar plek volstaan nie. Nou kan 'n minder begaafde atleet, wat hard werk, net sulke goeie en beter prestasies lewer as dié begaafde, maar lui, atleet.

Dit is tog jammer dat daar egter 'n tendens onder kinders bestaan, dat 'n mens slegs vir jou skool presteer indien jy eerste plekke kan inpalm.


'n Skool se wen of verloor op Interhoër, word lankal nie meer bepaal deur die aantal ster-atlete wat eerste plekke behaal nie. Vandag lê die krag van 'n atletiekspan dáárin dat konstante prestasie deur die hele span gelewer moet word; dit wil sê: volgehoue tweede en derde plek prestasies. So 'n span word opgebou as: Eerstens: Die hele skool sou opdaag vir uitdunne ten einde die atleet met dié mééste potensiaal te kan raaksien:

Tweedens: Die hele span getrou en hard oefen, nie net in die seisoen nie, maar dwarsdeur die hele jaar.

Derdens: Daar getroue ondersteuning deur non-atlete by elke byeenkoms is. (Waar is daar tog nog 'n sportsoort waarin so baie van julle met soveel oorgawe kan deelneem? In watter ander sport kan 'n skool so geesdriftig saám verloor?)

Komaan Affies! Moet egter nie langer agter 'n blou rokkie op 'n stampvol pawiljoen wegkruip nie. Kom, dra ook jóú deel by, sodat die Affiemasjien met volle sterkte, die steil bult kan aandurf.

(Mev.) Uys



### GREY KOLLEGE




Op 23 Februarie het die jaarlikse sportdag tussen Grey en Affies in aanvang geneem. Weens die ont-trekking van Grey se skaakspan is daar slegs op tennis-, gholf-, swem-, en waterpolo gebied meeding.

Gholf van hoogstaande gehalte dwarsdeur die dag het Affies tot 'n welverdiende oorwinning van 4-0 gelei. André Coetzee, Marchel van der Walt, Martin de Groen en Frans te Groen het elkeen hul wedstryd oortuigend gewen en het voorwaar uitmuntend gevaar.

Die swemspan het verrassend vertoon om die groot nederlae van vorige jare te laat krimp tot nie meer as dertig punte nie. 'n Woord van gelukwensing en voorspoed aan mev Van der Merwe en die swemspan.

Op die tennisebane het Affies weer eens koning gekraai. Dan moet spelers se name soos Jean van Rensburg, Stefan de Beer en Wilhelm Combrink genoem word wat voorwaar Affies se trotse naam in ere gehou het.

Die waterpolo was opwindend alhoewel Affies die onderspit moes delf. Toeskouers moet saamstem dat sport van hoogstaande gehalte op die sportvelde van Affies kenmerkend was en ons bedank Grey Kollege vir 'n suksesvolle sportdag.



## AFFIE ATLETE

### PRESTEER IN N-TVL

Met die atletiekseisoen agter die rug, kan ons terugkyk na 'n baie suksesvolle en opwindende seisoen. Vyftien van Affies se atlete slaag daarin om vir die Noord-Transvaalse Kampioenskappe te kwalifiseer en vaar baie goed.

In die verspring 0/17 behaal G. de Graaf 'n eerste plek. S. Gouws behaal 'n silwer medalje in die ge-

wigstoot 0/17. In die hoogspring 0/17 behaal A. Maarschalk 'n derde plek. Die groot item van die dag sou egter laaste plaasvind. In die nommer slaag Affies se 0/17 aflosspan daarin om die Noord-Transvaal titel te wen. In die proses reken hulle ook met Menlopark, dié interhoër-kampioene, af. Die span bestaande uit Willie Reyneke,

Louis Odendaal, Gerhard de Graaff en Alex Thompson verdien dan ook goue medaljes.

S. Gouws, L. Odendaal, G. de Graaf en A. Maarschalk word gekies vir die Noord-Transvaalse span wat later die maand aan die Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskappe sal deelneem.

Willie Reyneke